# steedsHervormers

# GELOOFSBOND

GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES

Hierby staan ons, dit kan nie anders nie:

Tree ons weg, tree ons uit die ware LIG.

Tree ons terug, versaak ons die WAARHEID.

Tree ons uit, verloor ons die LEWE.

## <u>INLIGTINGSTUK</u>

# Historiese aanloop/tydlyn

±1960 - Geysersaak en begin van die vrysinnige stem (tweede baan) in NHKA 51 jaar gelede .

Tydperk van relatiewe rus in NHKA. Artikel 3 telkens in spervuur. Deel van Ekumene (WARC).

Lliberale denke al meer in die Kerk gehoor. Felle stryd oor Artikel 3 en elke Kommissie verkiesing word ‘n magstryd.

±1980s - Die voorloper van die liberale teologie word hoogleraar en sluit later aan by die *Jesus Seminar.*

1995- Die vurk in die pad roep ‘n toegewyde groep daartoe om ‘n **eietydse** getuienis te lewer. Deur “gesprek” kom daar niks verder van die inisiatief nie.

2001– “Fatherless in Galilee” word gepubliseer en die outeur bly predikant van die Kerk.

2000 –Fakulteit Teologie se afdelings A&B smelt saam om ‘n *ekumeniese fakulteit* te vorm.

Die gevolge van die “vurk in die pad” begin sigbaar word.

Kansels vervang met verhoog.

Wet en Belydenis as “oudmodies” gesien.

2004 – Die nuwe Kommissie wat verkies word, begin sekere inisiatiewe waaronder sterker ekumeniese bande asook die Colloquium.

2007 – Bogenoemde Kommissie word uitgestem.

2009 – Dosenteverklaring en Klag.

Homoseksuele student beskerm.

2010 – 69e AKV Beskrywingspunt 54/69 aanvaar.

Beswaarskrif.

Die nuwe Dekaan van die Fakulteit Teologie lê klem op die ekumeniese aard asook die “Afrikanisering” van die teologiese Fakulteit.

2011-BAKV bevestig nuwe teologie van die NHKA

2010 + steedsHervormers staan vas

Hierdie verhaal kan van vele kante toegelig word. Die verklaring wat November 2011 die lig gesien het, is ’n goeie invalhoek om dadelik die aard en intensies van die groep gelowiges duidelik te verwoord. Hierdie verklaring sal nou woordeliks aangehaal word. Daarna word sekere grepe uit die Januarie 2012 inligtingstuk aangehaal. Die volgende stap is om dan te beweeg na die Staat van Belydenis van Junie 2012. Die inleidende geskiedenis van die staat van Belydenis, asook die inhoud word ingesluit. Die inligtingstuk sluit af met ’n kort oorsig van die Selfstandige gemeentes en die totstandkoming van die Geloofsbond van Hervormde gemeentes. Dit word gedoen deur een gemeente se verhaal te vertel. Die ander gemeentes se unieke verhale het tog ook ooreenkomste met Premiermyn se verhaal.

## steedsHervormers

Tydens ‘n vergadering wat plaasgevind het op 12 November 2011, waartydens 66 gemeentes van die NHKA verteenwoordig was met ‘n totale bywoning van 268 lidmate, is die volgende besluite geneem:

Die steedsHervormers belydenis gespreksgroep is amptelik in die lewe geroep. Kortliks word die steedsHervormers as volg gedefinieer:

> Hierby staan ons, dit kan nie anders nie:
> Tree ons weg, tree ons uit die ware LIG.
> Tree ons terug, versaak ons die WAARHEID.
> Tree ons uit, verloor ons die LEWE.

Op grond van die huidige geloofskrisis in die Kerk besluit ons as gemeentes en lidmate van die NHKA om ons te versamel as ‘n konfessionele groep (belydende gespreksgroep) met die naam “steedsHervormers”. Hiermee wil ons te kenne gee dat;

- ons steeds onsself sien as Hervormers en as die ware voortsetting van die NHKA,
- ons nie van die NHKA wil wegskeur nie,
- ons vereenselwig onsself met die teologiese tradisie van die NHKA.

As ***steedsHervormers*** wil ons getrou bly aan die tradisie en geskiedenis van die Hervormde Kerk;

- Ons bly getrou aan die Bybels-Reformatoriese teologie soos bedryf in die Hervormde Kerk oor geslagte heen. Dit beteken dat ons werk met die Bybel as die Woord van God, die gesagvolle openbaring van God. Ons gee gehoor aan die wekroep om telkens te **hervorm na die eise van die Skrif.** Ons staan by die belydenisskrifte en bely met die geloofsbelydenisse onverkort en sonder interpretasie wat eie inhoude gee. Ons onderteken die belydenisskrifte **omdat** hulle met die Bybel ooreenstem (***quia*)**.
- Ons bly getrou aan die liturgie wat getuig van gewyde, respekvolle en stigtelike diens aan God Drie-Enig.
- Ons verstaan onsself as volkskerk, ons is oortuig dat mense verskillend in die skepping is en dat volkskerkgerigte sending hierdie verskille eerbiedig en die uitdra van die evangelie bevorder.

<u>Hiermee grens ons onsself af van die:</u>

- liberale teologie wat werk met ‘n oop kanon en die Bybel sien as menslike nadenke oor die goddelike.

- Ons distansieer onsself van diegene wat die belydenisskrifte verstaan as dat hulle net geld in sekere instansies **insoverre** die belydenisskrifte ooreenstem met hulle nuwe verstaan van die Bybel (***quatenus***).
- Ons grens onsself af teen diegene wat van die erediens 'n vermaaklikheidsgeleentheid maak waartydens die **mens in die middelpunt** te staan kom.
- Ons grens ons af teen die bevrydingsteologie wat werk met 'n integrasiemodel wat alle menslike verskille sonder respek ignoreer.
- Gemeentes, ampsdraers en lidmate word opgeroep tot eensgesindheid en rustigheid. Verder word alle gemeentes, ampsdraers en lidmate opgeroep om hulle uit te spreek oor hulle deelname al dan nie aan die belydende gespreksgroep genaamd steedsHervormers.

*Einde van selfidentifikasiestuk*

**Historiese aanloop:**

Die optrede van ons as steedsHervormers binne die Kerk het 'n lang aanloop gehad en het alles met teologie en weining (indien enige) met mag of politiek te make. Op **teologiese** vlak moet die wending in die Kerk op **twee** vlakke aangedui word. Aan die een kant was daar al hoe meer 'n **vrysinnigheid** in die teologie te bespeur, met die boek van AG van Aarde as die duidelikste baken van 'n teologie wat geloof ondergrawe. Nie net die maagdelike verwekking van Jesus is in die spervuur nie, maar ook die opstanding. Die **kanon word as oop hanteer** (met ander woorde boeke soos die Thomas-evangelie word byvoorbeeld gesien as 'n belangrike bron vir teologie-beoefening), en die band tussen Ou Testament en Nuwe Testament word ontken.

Op etiese vlak kom die **nuwe teologiese** rigting aan die orde in die manier waarop die **huwelik** in gedrang gebring word. Vele voorbeelde sou gestel kon word, maar die duidelikste voorbeeld is die beskerming wat die Hervormde dosente bied aan 'n **homoseksuele** teologiestudent. Op hulle aandrang is die student wat in 'n openlike intieme verhouding met 'n man is, steeds student van die Kerk, studeer verder en sal vroeg 2014 skynbaar **beroepbaar** wees. Die dosente se etiek is ver verwyderd van dit wat 'n geslag gelede die oortuiging was. Daarmee saam het die fakulteit as oop ekumeniese instansie geen duidelike Hervormde inslag nie.

In die nuwe liturgie sien ons dan ook die tweede stroom van verandering wat die Kerk wil oorspoel. Die mens (**humanisme**) het in die hele proses dan ook vir God vervang as middelpunt van die Kerk. Die **erediens** en alles wat met hierdie belangrike ontmoeting met God te make het, is die beste aanduiding van die **tweede teologiese rigtingverandering**g. Kansels word vervang met 'n verhoog, die Wet en Belydenis word afgemaak en as oudmodies beskryf en 'n vreemde liturgie stroom gemeentes binne in so 'n mate dat Hervormers nie tuis voel in hulle eie Kerk nie. Die Liedboek word aangevul met "geestelike liedjies" en die fokus val op die mens wat goed voel met die sing van liedere.

Op **kerkleiding**vlak was dit reeds onder die leiding van prof. Johan Buitendag duidelik dat 'n groep binne die Kerk 'n nuwe rigting ingeslaan het en die Kerk wou saamneem. Die selektiewe Colloquium was 'n belangrike rigtingaanduider. Een van die sake aldaar was die beplande eenwording (struktureel) met die HKSA. Die Kerk was nie reg vir die vinnige verandering van rigting nie en die Buitendag Kommissie is uitgestem. Agter die skerms is daar steeds hard gewoeker en dit was veral ten opsigte van sake rondom ekumene waarop die meeste fokus geplaas is.

‘n Struikelblok in die onderhandelings met **WARC** het die dosente se volgende reaksie ontketen. Hulle het in lyn met die verwagting van die WARC **apartheid in die pers tot sonde verklaar en lidmate en ampsdraers uitgenooi** om by hulle aan te sluit. Daar is geen manier om die reaksie te kontroleer nie, maar die gebeure in aanloop tot en by die 69e AKV dui daarop dat hulle deur genoeg steun bemoedig is om voort te gaan. Hulle verklaring in die openbare media en die storm in die Kerk het ‘n paar ampsdraers tot aksie gedwing in ‘n poging om die probleme wat geskep is, aan te spreek.

‘n **Klagskrif** met onder andere verskeie klagtes van **dwaalleer** is in 2009 teen sommige van die dosente gelê, met verbygaan van die broederlike gesprek, in die **lig van die ernstige klagtes** wat teen die dosente ingebring is. Die Kommissie het egter die klag terug verwys en op ‘n bemiddelde gesprek aangedring. Die gesprek se **fokus** was die **verklaring** en in die gesprek het nie veel gekom van die ander ernstige klagtes nie (Die klagskrif is beskikbaar indien iemand feite wil kontroleer). Die **gesprek was onbevredigend** en die verklaring wat uitgereik is deur die dosente was nie aanvaarbaar vir die klaers nie. Met die AKV voorhande het die klaers besluit om die saak eers daar te laat. Die een saak waaroor ooreengekom is, was dat die dosente se standpunt in die agenda opgeneem sou word, asook die standpunt van die klaers.

Die agendakommissie wat die 69e AKV se agenda opgestel het, het **verkeerdelik die beskrywingspunte toegelaat**. Die Kerkorde skryf ‘n ander proses voor. Die uitslag van die 69e AKV is bekend en die probleme en ongerymdhede rondom die besluit is opgeteken in die beswaarskrif wat deur teenstemmers opgestel is. Die Kerk se hantering van die beswaarskrif is ook reeds goed gedokumenteer en daar sou nog baie gestel kon word rondom die manipulasie van die BAKV.

Uit die Kommissie se hantering van die beswaarskrif en die sake wat daarmee saamgaan, het ‘n paar sake duidelik geword.

- Daar is nog ‘n groot groep ampsdraers en lidmate wat **nie tuis voel binne** die **nuwe denke** wat die NHKA **stelselmatig** inbring nie.
- Die **lojaliteit van ouderlinge kan misbruik** word om selfs ‘n vreemde leer (*beeld van God in die mens*) en ‘n leuen (*verwysing na ‘n besluit wat nooit geneem is nie*) te beskerm.
- ‘n Beswaarskrif sal nie suksesvol kan wees nie, al is daar onbetwisbare bewyse dat die beswaarskrif korrek is.
- Die kerkleiding is in die hande van mense wat die nuwe teologie ondersteun. Die nuwe teologiese rigting verdra alles behalwe mense wat beginselvas is. Dit dui op inklusiwiteit wat enige eksklusiewe denke uitsluit!
- ‘n **Teenstem sal nie langer** binne die Kerk verdra word nie, ten spyte van mooi praatjies oor “eenheid in diversiteit”.
- ‘n Regsgeding teen die Kommissie van die AKV (die *ultra vires* aard van 54/69) word gesien as ‘n doodsonde en lidmate wat daarmee besig is, of selfs net die saak ondersteun, **is nie welkom in die Kerk nie.**

Watter rol speel die aanvaarding van beskrywingspunt 54 (54/69) en die opvolgbesluit?

- 54/69 kon slegs geneem word, indien 'n sekere soort teologie oorheers.
- Die bevrydingsteologie wat op die mens fokus, is die agtergrond van anti-apartheidsbesluite in ander kerkgroepe in die verlede.
- Die beswaarskrif het die **teologiese** en prosedure **foute** duidelik **uitgewys**.
- Die BAKV het 54/69 gehandhaaf, die besluit staan steeds as besluit van die Kerk.
- Die opvolgbesluit stel in ander woorde dieselfde as 54/69 maar is ook erger.
- Die BAKV opvolgbesluit is geneem **sonder dat korrekte prosedures gevolg is** en **sonder dat die saak op die agenda was**.
- Die opvolgbesluit herroep ook enige ondersteuning aan afsonderlikheid in die verlede, die **saak van bevrydingsteologie staan soveel sterker in die nuwe besluit.**

Teen hierdie agtergrond is dit belangrik om weer te stel dat dit **die nuwe teologie is, wat die besluite wat geneem is, moontlik maak**. Die Kerk se nuwe teologie, soos aangedryf deur die meeste van die dosente, het ook sy oorsprong in die vrysinnigheid en humanisme wat so eie is aan die huidige fakulteit aan 'n staatsinstansie. Dit is teen hierdie nuwe, vreemde teologie dat ons as die steedsHervormers **sterk standpunt inneem**. **Ons wil steeds staan by die teologie wat ons as eie aan 'n lang kerklike tradisie ag**. Slegs die Skrif, slegs Christus en slegs geloof. Die woordjie "slegs" (*sola*) moet nie gesien word as wederkerig uitsluitend nie; aangesien elkeen van die drie binne 'n ander konteks verstaan moet word.

**Sola scriptura** – Die bron van ons geloof is die Skrif en net die Skrif. Teenoor die Roomse Kerk wat tradisie as gesagvol verstaan het, het die Reformatore net die Bybel as gesagvol aanvaar. Vandag stel ons teenoor die vrysinniges steeds *sola scriptura*, en nie Thomas **en** die teoretiese Q-bron en ander geskrifte nie, maar die hele **Skrif** as **enigste bron van gesag**.

**Solus Christus** – Teenoor die Roomse Kerk se heiliges en moeder Maria het die Reformatore gestel slegs Christus kan red. Vandag stel ons teenoor die vrysinniges se liefde as reddingsdaad steeds dat **net Christus as Seun van God kan red**, en maak ons daardie eksklusiwistiese aanspraak. Christus is redder en saligmaker, nie goeie morele voorbeeld, of shamaan, of subversiewe rabbi nie.

**Sola fidei** – Geen geld of goeie dade kan jou red nie, het die Reformatore teenoor die Roomse Kerk gestel. **Net geloof red**. Vandag stel ons steeds teenoor die vrysinniges dat **net geloof red**, nie die liefde nie. Geloof gaan oor gehoorsaamheid, nie oor inklusiwiteit nie. Anders gestel, mens word nie gered op grond van inklusiwiteit nie, **almal wat glo**, word ingesluit by die wat gered is.

**Sola gratia** – Die Reformatore het teenoor die Roomse Kerk gestel dat daar geen verdienste kan wees nie. Die mens is passiewe ontvanger van genade, God het geen hupstoot nodig om die mens te red nie. Teenoor die vrysinniges getuig ons vandag dat die mens nie inherent goed is en dat God dan net daardie laaste bietjie genade bygee nie. Die humanisme dring daarop aan dat die mens se heil in liefde te vind is. **Ons getuig alles is louter genade**.

Dit is hierdie oortuigings wat ons gebring het by ‘n punt waar ons stel dat ons by sekere sake staan, of dan sal moet val, dit kan nie anders nie. Om getrou te wees aan hierdie beginsels, is nie onderhandelbaar nie.

**Historiese relevansie**:

Hierdie standpuntinname is nie sonder presedent nie. In 1995 het die **eietydse verklaring** uitgekom op grond van die vurk in die pad wat toe gesien is. Deur gesprek en beloftes van onderhandel en inspraak, is gemoedere gekalmeer en het die saak gevolglik doodgeloop. In die tussentyd het dit in 15 jaar nie beter gegaan nie, maar eerder al hoe meer vrysinnig in teologie en liturgie gegroei. Ampsdraers en lidmate wat die vurk in die pad gesien het, kan nie meer verder al hoe erger wydsbeen loop nie. Die vurk is ver in die verlede en die twee paaie loop al hoe verder uitmekaar. Die keuse moet dus nou gemaak word: Watter pad gaan jy bewandel?

Die pad wat deur steedsHervormers voorgestel word, is ‘n pad wat duidelik uit die verlede die toekoms inloop met duidelike beginselpadtekens. Ons wil bly by:

- die fundamentele van Skrif en belydenis, dit wil sê ons handhaaf die standpunt dat die Bybel die Woord van God is en dat die belydenisskrifte die basiese beginsels van die Bybel verwoord.
- ‘n Bediening wat die volkskerk as goeie werkbare manier van verkondiging handhaaf.
- Goed opgeleide predikante wat akademies sterk staan, wat daarmee saam ‘n geloofbouende opleiding ondergaan en nie vrysinnigheid aangeleer word nie.

Om op te som:

- Ons **voel nie tuis binne die nuwe teologiese rigting** wat stelselmatig in die NHKA ingevoer word nie, dit is volgens ons nie Reformatories nie.
- Ons staan by die Bybel en verstaan **die Bybel** as die **Woord van God**.
- Ons staan by die waarhede wat ons as **fundamentele waarhede** sien, wat insluit die **Skrif alleen**, **genade alleen**, **geloof alleen** en **Christus alleen**.
- Ons gaan wou **onderhandel** met die Kommissie van die AKV oor **akkommodasie binne** die NHKA. Modaliteite en eiesoortige gemeentes is as moontlikhede genoem.
- Ons verstaan onsself as die voortsetting van die teologiese tradisie van die NHKA. In teenstelling daarmee staan die nuwe teologiese rigting, en ons voel tuis by nóg die liberale teologie met sy humanisme, nóg die bevrydingsteologie met sy inklusiwiteit ten koste van eie identiteit.
- Ons **nooi lidmate** uit om by ons aan te sluit, maar plaas **geen gewetensbinding** op enige persoon nie. Ons wil net kerk wees en die Here dien.

**Staat van Belydenis INLEIDING**

In 1995 het 'n aantal teoloë, ampsdraers en gelowiges van die NHKA 'n klein publikasie getitel: ’n Eietydse Getuienis op Hervormingsdag uitgegee. In die publikasie word die stelling gemaak dat daar, teologies gesproke, ‘n vurk in die pad van die NHKA as geloofsgemeenskap gesien kan word. Almal is opgeroep en vermaan om soos die kerk en sáám met die kerk te bely.

Hierdie oproep is met afwysende kritiek begroet en die indruk is geskep dat daar nie in die Kerk verskil mag word van die standpunte en opvattings van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (KommAKV), die Dosentevergadering en die AKV nie. Dit is dan gerugsteun deur die knuppel wat verskuil is in Ordinansie 8.6 van die Kerkorde. Die werklike probleem, naamlik dat die Belydenisskrifte van die kerk wat die leer van die kerk uitdruk weerspreek word en dat die eenheid in die kerk daardeur versteur word, is na die publikasie van die **Eietydse Getuienis** <u>nie weer hanteer deur kerklike vergaderings nie.</u> Al wat gebeur het, is dat die kritiek op hierdie laksheid, ondanks die feit dat alle predikante die proponentsbelofte (Ordinansie 1.1.2) onderteken het, geïgnoreer is. Dit was opvallend dat die KommAKV van sy meerderheidsteun op die AKV gebruik gemaak het om so die indruk te vestig dat die waarheid sinoniem is met die mening van die meerderheid op die AKV. Dit het nogal laat dink aan die waarskuwende en afwysende woord van die NGB, art 29 ten opsigte van die valse (destyds: die Roomse) kerk: "Dié skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God."

Ondanks die skouerophalende verbygaan van die Eietydse Getuienis het die steedsHervormers bly vashou aan die leer van die drie Formuliere van Eenheid wat nie beskou word as 'n "verkorte Bybel" nie, maar as die maatstaf waarmee gemeet moet word as die kerk as 'n geloofsgemeenskap wil bestaan en voortbestaan as deel van die een heilige algemene kerk soos ons dit bely.

Daarom maak ons as steedsHervormde predikante erns met die verpligtinge wat die ondertekening van die proponentsformule op ons lê en wat verder uitgespel word in die Bevestigingsformulier vir predikante. Daarby staan die ouderlinge en diakens onder ons vas by die opdrag wat hulle ontvang het en die beloftes wat hulle afgelê het by hulle bevestiging in hulle dienswerk, terwyl die gelowiges hulle belofte handhaaf wat hulle afgelê het toe hulle belydende lidmate geword het.

So gesien, verteenwoordig die steedsHervormers 'n leer wat nie afwyk van die drie Formuliere van Eenheid nie en staan ons juis as getuies dat dit die **inhoud van ons geloof is**. Daarin weet ons dat ons in die geloof verbind is aan die vadere wat ons voorgegaan het en wie se besluite en dade ons teen die agtergrond van hulle tyd beoordeel sonder om hulle en hulle dade, ter wille van gedienstigheid in ons tyd, óf te verketter óf te verdoem.

Vanuit hierdie oorwegings het ons in 2011 'n Beswaarskrif ingedien oor Beskrywingspunt 54 wat op die 69e AKV (54/69) aanvaar is en daarin gestel: Daardie besluit verloën nie net die Bybelse antropologie nie, maar die ganse Christelike soteriologie (verlossingsleer) en per implikasie die Bybelse leer oor God. Met die Buitengewone Algemene Kerkvergadering (BAKV) van Oktober 2011 is 54/69 gehandhaaf ondanks die besware wat daarteen ingebring is. Dit ten spyte van die feit dat alles in werking gestel is om die besluit te laat herroep.

Die pogings om die afwykende veranderinge in teologiese nadenke hok te slaan sluit in, maar is nie beperk nie, tot die volgende:

- Meer as 140 genotuleerde teenstemme.
- Uitgebreide regsadvies wat gratis aan die Kommissie beskikbaar gestel is.
- Talle gemeentes het hulself as Kerkrade en Gemeentevergaderings gedistansieer van die aanvaarding van 54/69.

- ‘n Magdom skrywes is gerig aan die Kommissie wat vra dat die besluit herroep moet word.
- ‘n Beswaarskrif is ingedien.
- Verskeie memoranda is in die Kerk gesirkuleer.
- Omvattende memoranda is nagevors, geskryf en beskikbaar gestel vir opname in die agenda vir die BAKV.
- Deelname aan die BAKV met oorgawe, ten spyte van ernstige voorbehoude.
- Byeenkomste is gehou om lidmate en ampsdraers bewus te maak van die krisis.
- Verskeie vergaderings van gemeentes en groepe is op versoek toegespreek.
- Inligtingstukke wat essensies aandui, is versprei.
- Gesprekke met die Kommissie van die AKV (KommAKV).
- Gesprekke met die Bemiddelingskomitee in groot- en kleingroep.
- Pogings om ‘n modaliteit in die kerk te vestig.
- Pogings om ‘n vereniging na eie voorkeur te stig.
- Opvolggesprekke met die Moderamen en die Kommissie.
- Privaat gesprekke met lede van die Bemiddelingskomitee en die KommAKV.
- Die opsie om te doleer, is ondersoek.
- Verder is daar selfs deur middel van die terughou van heffings gepoog om die situasie aan te spreek.

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat alles denkbaar en kerkregtelik moontlik in die stryd gewerp is om die AKV se swaai na liberale denke en teologie te rem of selfs te stuit. Die oortuiging leef by ons dat die nuwe rigting in sy kiem reeds die ondergang van die tradisionele NHKA bevat. Om deel te bly van hierdie proses, is om stelselmatig in die maalkolk van vreemde leer ingesuig te word. Al die pogings wat hier genoem is, het ten doel gehad om hierdie saak reg te stel. Stelselmatig het die fokus van ons pogings verskuif van die verandering van die besluit en die teologie, na pogings om ons te distansieer teen hierdie nuwe teologiese tendense. Dit was veral na afloop van die BAKV waar dit duidelik geword het dat die aanvaarding van Beskrywingspunt 54 van die 69e AKV nie toevallig was of weens verwarring geneem is nie. Die besluit van die BAKV is met dieselfde meerderheid geneem as die meerderheid waarmee 54/69 geneem is. Die nuwe afwykende teologiese denke het die oorheersende denkpatroon in die NHKA geword. Dit het duidelik geword dat ‘n verdere beswaarskrif of ‘n protes geen positiewe resultaat sal bewerkstellig nie.

**Die BESWAARSKRIF**

Die beswaarskrif het baie duidelik aangedui dat daar op ten minste een punt ‘n vreemde leer verteenwoordig word in die besluit wat geneem is. Daar is ook duidelik aangedui dat daar ‘n feitefout in die besluit self is. ‘n Feitefout wat, nadat dit aan die kaak gestel is dat dit nie korrek is nie en dan tog gehandhaaf word, verword tot ‘n oortreding van die negende gebod. Dit word ‘n leuen. ‘n Besluit van die AKV moet op die Skrif, waarheid en feite gebaseer wees. 54/69 is gebaseer op ‘n wanvoorstelling van ‘n sogenaamde besluit van die 68ste AKV. 54/69 stel: ‘In die lig van die 68ste Algemene Kerkvergadering se **besluit** dat dit verkeerd

was om 'n bepaalde regeringsbeleid 'apartheid' goed te praat...'. Volgens bl 103 ev. van die Besluitebundel van die 68ste AKV was die besluit van die vergadering soos volg:
(Aangehaal uit die besluitebundel) "Die saak word terugverwys vir **verdere studie**. Die volgende voorstel van drr PB Boshoff en FJ Boshoff **word in ag geneem**: Die Algemene Kerkvergadering verklaar dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeringsbeleid (apartheid) goed te praat. Dit lê nie op die weg van die Algemene Kerkvergadering om politieke beleide goed, of af, te keur nie. Hierdie erkenning beteken nie dat die Algemene Kerkvergadering die huidige of moontlike toekomsigte beleid goedkeur nie." Daar was dus nie so 'n besluit geneem soos wat die dosente in 54/69 beweer het nie. Die beswaarskrif het die fout uitgewys. Die feitefout het verword tot die leuen wat gehandhaaf word en het sodoende 'n oortreding van die negende gebod geword.

**Die BAKV**

Tydens die Buitengewone Algemene Kerkvergadering was die saak veronderstel om reg gestel te word. Dit was gou duidelik uit die bespreking dat die beswaardes 'n baie sterk saak het. Geen oortuigende teologiese argumente is van hulle kant af na vore gebring nie. Die transkripsie van die BAKV sal duidelik aantoon dat die voorsitter saam met die voorstanders van 54/69 'n sekere klimaat geskep het vir die besluite wat geneem is. Die regte stemming (atmosfeer en gemoedstoestand) is geskep vir die besluite ter ondersteuning van 54/69. Die bespreking het telkens terug gegaan na 'n bespreking oor apartheid, sonder dat die voorsitter sprekers tot orde geroep het. Selfs **persoonlike aanvalle** wat teen beswaardes geloods is, is **deur die voorsitter toegelaat**. Bitter min van die inhoud van die Beswaarskrif het ter sprake gekom. Toe die vergadering uiteindelik oorgegaan het tot stemming, was dit gou baie duidelik dat afgevaardigdes uit lojaliteit teenoor die NHKA stem.

**Die BESLUITE**

Daarmee saam is uit die voorsitterstoel ook elke keer die Kommissie van die AKV afgespeel teen die Komitee van Beswaardes. Die vergadering is byvoorbeeld beïnvloed uit die voorsitterstoel wat gestel het, "dat dit darem jammer sal wees indien daar 'n vreemde leer of dwaalleer in die Kerk sou wees". Lojale ampsdraers het waarskynlik gestem soos hulle gedink het dat dit van hulle verwag word. Net so is aan die vergadering gesuggereer dat dit jammer sal wees indien die AKV self moet erken dat hulle besluit ultra vires is. Dit sou die saak teen die AKV ernstig in die hof kon skaad. Op beide punte 4.1 en 4.2 in die agenda van BAKV sou 'n mens kon verwag dat die vergadering die Beswaarskrif gelyk sou gee. (4.1 "Is die besluit oor Beskrywingspunt 54 'n leerbeslissing soos bedoel in Ordinansie 1.2 van die Kerkorde en moet daarmee gehandel word volgens hierdie Ordinansie?" en 4.2 "Is die besluit oor Beskrywingspunt 54 'n verandering van enige van die belydenisskrifte soos beoog in Ordinansie 1.3 en moet daarmee gehandel word volgens hierdie ordinansie?") Die beswaarskrif is egter met meerderhede van 66% en 69% van die hand gewys. Op 5.1 is die saak van *ultra vires* duidelik en tog besluit 67% van die vergadering teen die Beswaarskrif. Hierdie stemtelling en besluite laat allerlei vrae ontstaan of al die lede van die vergadering werklik bewus was van waarom dit gegaan het.

Teen hierdie agtergrond kan dit nie anders nie as dat gestel word: "Hierby staan ons". Alle moontlikhede is ondersoek en ontgin, net om telkens gestuit te word deur die maghebbers in die Kerk se geledere. Ons protesteer in dieselfde gees as die "Protestation" wat op die Ryksdag te Spiers in Duitsland in 1529 ingedien is, ons protesteer ook teen die meerderheidspolitiek in kerklike sake. Dit laat ons met geen ander keuse nie, ons moet stel:

**Verklaring: Die EVANGELIE IS OP DIE SPEL**

## STAAT VAN BELYDENIS.

SO GLO ONS - ONS KAN NIE ANDERS NIE.

Ons onwrikbare geloof in God Drie-enig, ons vashou aan die Bybel as ons enigste kanon, ons aanvaarding van die Belydenisskrifte, die Proponentsformule, dring ons daartoe om te staan by ons geloofsoortuigings. Ons smeekbede is: *Help ons, God*.

Indien alle vorme van protes nie suksesvol was nie, is dit nodig om te bely:

*Ek distansieer myself en sonder myself af teen hierdie vreemde konsep en verstaan dit as 'n vreemde leer*. Hierdie belydenis spreek elke lidmaat individueel aan. Elkeen moet self kies:*Waar staan ek?*

**Dit is ons oortuiging dat ons nou by hierdie punt in die geskiedenis van die NHKA gekom het.**

In al hierdie sake wat die eer van God, die verlossing van die mens en die beloftes van die ewige lewe aanraak en ten opsigte waarvan ons verplig is om die Here God te gehoorsaam, kan ons geen toegewing aan die (georganiseerde) meerderheid maak nie. Buitendien moet in sake waar dit gaan om die eer van God, ons verlossing uit die sonde en die ewige lewe, elke gelowige opstaan en homself voor God verantwoord en **niemand kan hierin agter 'n ander een wegkruip nie**.

**Saak 1**

Die mens is beelddraer van God ten opsigte van 'n verhouding met God, 'n opdrag van God en verantwoordelikheid teenoor God. Die BAKV se besluit dat daar geen vreemde leer teenwoordig is in 54/69, is nie korrek nie. Die beeld van God is *nie in die mens nie.* Ons bely die Godheid van Christus en ook sy menswording; sy twee nature (ware mens, ware God); sy maagdelike geboorte; sy plaasvervangende en versoenende dood aan die kruis. In Christus is God, nie in die mens nie.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is en dat die AKV 'n vreemde teologiese konsep as waarheid aanvaar het deur te stem dat *die beeld van God in die mens is.*

Ons roep lidmate en ampsdraers van die NHKA daartoe op om te erken dat die mens volkome sondaar is en dat ons redding buite onsself in Jesus Christus is.

**Saak 2**

Die BAKV se besluit om 54/69 te behou, verloën die evangelie van Jesus Christus as die opgestane HERE. Die NHKA het nog altyd vasgehou aan die evangelie van Jesus Christus wat ons verlos het uit die mag van sonde en dood. Sedert 54/69 stel die Kerk dat daar geen ander evangelie is as "*die evangelie van die deernis van God"* nie.

Ons verklaar daarom dat ons in ‘n staat van belydenis is en dat die AKV ‘n teologie verkondig wat nie in lyn is met die Bybel en die belydenisskrifte nie. Ons roep die AKV daartoe op om terug te keer tot die belydenis dat Jesus ons red van sonde en dood.

**Saak 3**

Die sake wat nou as die kern van die Kerk aangedui word, maak van die NHKA ‘n organisasie van diensbaarheid. Hierdie organisasie se doelwitte is dan gemik op **sosiale verandering** en **nie meer op evangelieverkondiging nie**. Dit lyk asof die kerk ‘n oppervlakkige teologie aanhang wat gryp na bemarkingstruuks om die Kerk te laat “oorleef en relevant te wees.”

Ons verklaar daarom dat ons glo die AKV slaan ‘n teologiese rigting in waar die heil van die mensdom gesoek word, nie in God nie, maar in die huidige sogenaamde sosiale geregtigheid.

Ons roep die AKV daartoe op om weer die vooruitsig van ‘n wederkoms en die volle rykdom van God se verlossende genade raak te sien.

**Saak 4**

Die sewende gebod, asook die hele Bybel (vgl Sondag 41 van die Heidelbergse Kategismus) verstaan die verhouding tussen een man en een vrou as die ideale verhouding binne die wil van God. Die Bybel veroordeel homoseksuele verhoudings .

Ons verklaar daarom dat ons in ‘n staat van belydenis is omdat die AKV ‘n teologie aanhang wat nie erns maak met die Bybel as die Woord van God nie. Ons roep die AKV daartoe op om terug te keer tot ‘n verstaan van die Tien Gebooie wat in lyn is met die Bybel en die Belydenisskrifte.

**Saak 5**

Die benadering deur dosente en die predikante van die AKV wat gestem het ten gunste van ‘n **interpretasie** van die Belydenisskrifte, **weerspreek die proponentsformule** en Ordinansie 1.1.2. Die gedagte dat die geloofsbelydenisse en die belydenisskrifte eietyds geïnterpreteer moet word, ontken die waarheidskarakter daarvan en is meer in lyn met die vrysinnigheid.

Ons roep die ampsdraers van die NHKA daartoe om te erken dat ons die belydenisskrifte onderteken juis omdat hierdie geskrifte in ooreenstemming is met die Woord van God.

**Saak 6**

Binne veral die Teologiese Opleiding het dit mode geword om die sogenaamde Q-bron en die Thomas-evangelie aan te haal. Hierdie benadering is slegs moontlik indien die gesag van die Bybel nie aanvaar word nie en na **teologiese antwoorde** gesoek word **buite die Bybel om**.

Op grond van die Bybel bely ons die Godheid van Christus en ook sy menswording; sy twee nature (ware mens, ware God); sy maagdelike geboorte; sy plaasvervangende en versoenende dood aan die kruis; sy liggaamlike opstanding en sy hemelvaart.

Ons roep die AKV daartoe op om die Bybel as Woord van God te aanvaar en as die enigste gesagvolle bron vir prediking en norm vir teologiese navorsing vir die Kerk te erken. Ons verklaar dat die Kerk in sy goedkeuring en aanvaarding van akademiese navorsingsresultate en skrywes in amptelike publikasies van die Kerk wat die teendeel wil verkondig, ‘n godslasterlike leer akkommodeer en selfs beloon. Ons roep lidmate en ampsdraers van die NHKA daartoe op om te erken dat Jesus Christus waarlik God en mens is, uit ‘n maagd gebore is, aan die kruis gesterf het, uit die dood opgestaan en na die hemel opgevaar het **soos die Woord duidelik verkondig**.

**<u>Saak 7</u>**

Eksodus 20:16 "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie". Die negende Gebod vereis van ons om in alle gevalle die waarheid te koester en die leuen te verwerp, **ongeag omstandighede en die prys wat betaal moet word**. Indien die Kerk die negende gebod oortree, het die Kerk homself begin sien as 'n grootheid wat uitstyg bokant God en God se Gebod.

Ons verklaar daarom dat ons in 'n staat van belydenis is en dat die AKV die oortreding van die negende gebod goedkeur en so die kern van die evangelie aantas. Die Kerk moet erken dat die 68e AKV geen besluit oor politieke beleid geneem het nie. Die AKV moet beide die aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69e AKV, asook die opvolg besluit van die BAKV, onvoorwaardelik herroep.

Om op te som, die verskillende teologiese sake wat in die Staat van Belydenis aangespreek word is:

Saak

1. 'n **Vreemde leer** word deur die AKV aangeneem: Met die aanvaarding van 54/69 aanvaar die Kerk dat gepraat mag word van die **beeld van God in die mens** in plaas van die mens as beelddraer van God.
2. Die nuwe Evangelie wat voorgehou word naamlik die **evangelie van deernis** verloën die **Evangelie van die kruis**.
3. **Vervlakking** tot 'n horisontale bediening deur die NHKA om te "oorleef en relevant te wees." Die teologie is gemik op **sosiale verandering** en **nie meer op evangelieverkondiging nie.**
4. Die **huwelik** is in gedrang deur onder andere die UP fakulteit teologie se aandrang op die sogenaamde normalisering van homoseksualiteit. Die **sewende gebod oortree**.
5. Die NHKA se leiding handhaaf 'n *quatenus* benadring tot die Bybel en nie die *qua* van die ondertekening nie. Hulle beweer die belydenisskrifte is geldig **in soverre** dit met die Bybel ooreenstem in plaas daarvan om te bely **dat die belydenisskrifte** met die Bybel ooreenstem.
6. Die **Bybel** word nie meer as die **enigste bron van openbaring** voorgehou nie, gesag word verleen aan dokumente soos die teoretiese **Q-bron** en die gnostiese Thomas-evangelie.
7. Die oortreding van **die 9e gebod**: Jy mag nie vals getruienis aflê nie. Die Leuen wat in 54/69 is en by die BAKV beskerm en verskans is.

**Die Selfstandige gemeentes**

**Die Selfstandige gemeentes het tot stand gekom as gevolg van die viktimisasie en vervolging van ampsdraers en lidmate wat nie die knie wou buig voor die KommAKV nie.** Premiermyn se verhaal lyk so:

**<u>Agtergrond</u>**

Die geskiedenis begin vir ons by die strewe in die NHKA om deel te word van die ekumeniese beweging. Dit beteken dat mense in die NHKA wou hê dat **'ons kerk'** deel moet word van 'n groter groep soos die Wêreldorganisasie van Reformatoriese kerke (WARC).

Ons het deel geword van die GER (Gereformeerde Ekumeniese Raad). Toe die GER en die WARC een organisasie word, het ons probleme begin. Die WARC het as voorwaarde tot lidmaatskap gesê dat ons eers apartheid tot sonde moet verklaar, en regstellende stappe moet begin neem. Hulle (WARC) het so sterk oor die saak gevoel dat hulle dit ‘n voorwaarde van die eenwording gemaak het. Alle ander lede van die WARC en die GER het outomaties deel geword van die WCRC (World Community of Reformed Churches), maar die NHKA moes eers sê apartheid is sonde. Ons kon as kerk nie so besluit neem nie; aangesien ons Reformatoriese teologie nie so ‘n besluit moontlik gemaak het nie. In 2001 het die AKV wel besluit dat daar mense was wat verkeerd opgetree het en daardie mense is geroep om hulle skuld voor God te gaan bely.
Intussen het ‘n ander verwikkeling by UP ook die winde van verandering in die NHKA ingebring. Tot 1999 het ons eie dosente ons studente opgelei. Vanaf 2000 was die fakulteit by UP ‘n gesamentlike fakulteit en het ons studente teologiese opleiding ontvang van al die dosente wat by UP teologie doseer. Dit het ons Hervormde tradisie op die agtergrond gestel, veral toe ons nie meer ‘n dosent in Kerkgeskiedenis gehad het nie. Die HTK (Kollege) sou hierdie leemte goed kon aanspreek as dit nie was vir ‘n gelyklopende verwikkeling by die fakulteit nie. Die vrysinnige teologiese lyn (Bultmann) het die oorhand begin kry. Vrysinnige teologie behels onder andere dat hulle op die volgende manier dink:

- *Die Bybel is nie Woord van God nie, maar menslike nadenke oor God. Dit terwyl die NGB in artikel 2-4 duidelik stel dat die Bybel God se Woord is).*
- *“Boeke” soos die teoretiese Q en die Thomas evangelie is goeie bronne om meer oor Jesus te wete te kom (Die Bybel is met ander woorde, volgens hulle, nie die mees betroubare bron van die openbaring nie).*
- *Die Ou Testament het niks met die Nuwe Testament te make nie en daar is geen profesie in die Ou Testament nie.*
- *Jesus is nie uit ‘n maagd gebore nie.*
- *Jesus het nie wonderwerke gedoen nie.*
- *Jesus het nie uit die dood opgestaan en na die hemel opgevaar nie.*

Ons sou sou so kon aanhou voorbeelde gee, maar dit is genoeg aanduidings van wat vrysinnige teologie behels. Die dosente se vrysinnigheid het op die studente begin afvryf. Deur gesprekke, deur die boeke wat voorgeskryf is en deur die lesings is studente gevorm na hierdie nuwe teologiese gietvorm. Boeke soos “*Fatherless in Galilee”* (AG van Aarde) wys dat hierdie **nuwe teologie sonder tug** in die NHKA **toegelaat** is. Hierdie nuwe teologie maak dit moontlik om te stel dat apartheid in geheel ‘n sonde is omdat hierdie nuwe benadering net kyk na die mens (en menseregte) hier op aarde en omdat sosiale geregtigheid (volgens hulle verstaan) al is wat belangrik is. Daar is volgens hulle geen lewe na die dood nie (dit is slegs in mense se gedagtes) en daarom moet ons hemel op aarde skep. Volgens hulle verstaan is volkskerk en afsonderlike ontwikkeling ‘n skending van menseregte en daarom sonde.

**Die 69e AKV en daarna**

Tydens die 69e AKV in Oktober 2010 het die saak onder die punt **ekumene** (verband met ander kerke) ter sprake gekom. Die dosente het ‘n beskrywingspunt opgestuur (54/69) wat apartheid as teen die evangelie beskryf, anders gestel as sonde. Die AKV het die besluit aanvaar en daarmee ‘n streep getrek deur die geskiedenis van die NHKA as volkskerk. Met die besluit is ons voorvaders ook tot ketters verklaar. Ek en oudl. Tom Greeff het ons teenstem laat notuleer en het deel geword van die groep wat besluit het om die besluit te beveg. Ons is steeds oortuig dat die besluit net moontlik is indien jy bevrydingsteologie aanhang, en dit is deel van die vrysinnige teologie.
Teen hierdie agtergrond kom ons nou by ons gemeente se verhaal. Na afloop van die AKV het ek en oudl Tom Greeff terug gekom en die inligting aan die gemeente gegee, eers by die kerkraadsvergadering en toe by die gemeentevergadering. Beide hierdie vergaderings het eenparig besluit dat ons onsself distansieer van die besluit en die nuwe teologiese rigting, dat ons die besluit verwerp en dat ons besluit om nie meer sinodale heffings oor te betaal nie. Ons het daarmee saam besluit om <u>steeds alle geld vir barmhartigheid wel oor te betaal.</u>
Daarna het ons as gemeente telkens ons ondersteuning aan die stryd teen die aanvaarding van 54/69 toegesê. Die saak is telkens tydens gemeentevergaderings opgehaal en almal teenwoordig is elke keer volledig ingelig oor die nuutste verwikkelinge. So het dit gebeur dat ons die Beswaarskrif ondersteun het. Ons het ons telkens van die besluit (54/69) gedistansieer omdat ons nie ons eiendomme aan restitusie eise wou blootstel nie.
Daar was ook ‘n groeiende groep lidmate wat bewus geword het daarvan dat die teologie in die NHKA nie gesond is nie en dat daar weg beweeg word van die reformatoriese denke wat so eie is aan die NHKA. Hierdie kommer is ook per brief aan die Kommissie gekommunikeer, telkens sonder enige reaksie of selfs erkenning van ontvangs. Ons stryd het breër geword as net weerstand teen 54/69 aangesien ons hiermee tot die besef gekom het daar groter teologiese probleme is wat aangespreek moet word. Eers moes 54/69 hanteer word.

## <u>BAKV</u>

Ons het as gemeente ook vroegtydig studiestukke gestuur om opgeneem te word in die agenda (die studiestukke is egter nooit opgeneem in die Agenda nie) van die BAKV wat intussen uitgeroep is om te besluit oor die Beswaarskrif. Ons het telkens die Kommissie daarop gewys dat: a) jy nie regter in jou eie saak kan speel nie en dat b) 54/69 na die <u>volgende</u> AKV verwys moes word en nie deur ‘n BAKV nie, terwyl daar <u>intussen ‘n moratorium</u> op die besluit geplaas moes word.
Die BAKV het die Beswaarskrif verwerp en ook gestel dat ons nie ‘n modaliteit mag word nie. Die ander gemeentes wat soos ons dink, het toe in November 2011 byeen gekom en die **steedsHervormers** groep in die lewe geroep. Ons fokus het nou verskuif na <u>al die ernstige teologiese probleme</u> in die NHKA. Ons het in dieselfde maand besluit om ‘n **sH gemeente** te word. Gesprekke met die (bevooroordeelde) Bemiddelingskomitee (wat na die BAKV in die lewe geroep is) het op niks uitgeloop.

## <u>Eindomme beveilig</u>

Intussen het ons kommer oor die eiendomme steeds gegroei. Ons het uitgebreide regsadvies gaan inwin en saam met ‘n groepie ander gemeentes tot die oplossing gekom. Dioe aanvaarding van beskrywingspunt 54 van die 69e AKV was in lyn met die WARC se eise en

ons het alle rede om te verwag dat ook gehoor gegee sal word aan die ander eise. (Onthou WARC se eise was 1) die Kerk moes bely dat apartheid 'n sonde is en 2) regstellende stappe neem.) Om te keer dat die gemeente se eiendom gestroop word in die naam van restitusie, was belangrike stappe nodig. Om eiendomme te beveilig teen restitusie eise, moes ons dit aan 'n vereniging oordra. 'n Paar lidmate het inisiatief geneem, 'n vereniging gestig en dit by SARS geregistreer. 'n Gemeentevergadering het toe besluit om alle roerende en nie-roerende bates aan die **Diamant vereniging** te skenk. Die Diamant vereniging het intussen alle lidmate uitgenooi om deel van die vereniging te word. Op die manier **behou lidmate steeds volle beheer** oor hulle gemeentelike eiendomme. Die kerkraad het die opdrag gekry om die saak af te handel, en hulle het toe ook die nodige besluite geneem en dit opgevolg met die wettige stappe. Dit is belangrik om te onthou **dat niks wat ons gedoen het, onkerkordelik of onwettig was nie**. Ons het opgetree **presies soos ons deur ervare regskenners geadviseer is**. Enige persoon wat ons lasterlik beskuldig van diefstal (soos sekere mense in die NHKA en veral die KommAKV nou doen) moet wys hoe steel jy van jouself**. Enige persoon wat wil beweer dat ons onkerkordelik opgetree het, moet dit bewys vanuit die Kerkorde**. Ons het korrek en wettig opgetree. Na die oordrag van eiendomme het ons besluit om die saak net so te laat en die stryd teen die afwykende teologie in die NHKA voort te sit.

**<u>Staat van belydenis</u>**

Tydens Junie 2012 het die steedsHervormers by Meyerspark byeen gekom om te besluit oor 'n Staat van Belydenis. '**n Staat van Belydenis is die sterkste vorm van protes wat daar vir ons beskikbaar is.** Sodanige dokument stel dat die <u>evangelie in gedrang is</u> en dat daar sekere ernstige teologiese probleme is. In die Staat van Belydenis is sewe ernstige teologiese probleme aangespreek. Die Staat van Belydenis is by hierdie vergadering aanvaar. Die meeste van ons lidmate het uit eie keuse dit in hulle individuele hoedanigheid ook onderteken. Die Kommissie het baie negatief op hierdie dokument reageer en onder andere gevra dat lidmate wat die saak steun, eerder moet bedank. Daarna het die Kommissie ook ons as gemeente skerper begin vervolg. Daar is lidmate in ander gemeentes wat verhoed is van Nagmaal gebruik net omdat hulle die Staat van Belydenis onderteken het. Sekere kerkraadslede is deur KommAKV gesinde predikante gevra of gedwing om te bedank, ook net omdat hulle bereid waqs om op te staan vir die waarheid.

My persoonlike optredes was altyd in belang van die gemeente. My uitgesproke standpunt het egter van my 'n teiken gemaak. 'n Ouderling van Meyerton het toe 'n beswaarskrif teen my ingedien. Hierdie inligting is gereeld aan die kerkraad en die gemeente gekommunikeer tydens die afkondigings. Die beswaarskrif teen my was **absoluut onkerkordelik** en die inhoud was **nie korrek nie**, maar die Kommissie het besluit om die saak verder te voer. Dit kom neer op viktimisasie. Ek moes verskeie kere voor die Moderamen en Kommissie verskyn. Die beswaarskrif is terug getrek nadat ek 'n gesprek gevoer het met die ouderling, en ons saam besluit het die saak is afgehandel. Vier maande later, na die aanvaarding van die Staat van Belydenis, is die ouderling se beswaarskrif afgestof en weer is ek opgeroep vir gesprek oor dieselfde saak! Dit is totaal <u>buite die kerkorde</u>. By die geleentheid het dit duidelik geword dat die Kommsissie nie gaan ophou met hul viktimisasie nie.

**Onafhanklik**

Intussen het die Kommissie hulle vervolging van die gemeente deur middel van die Ringskommissie en die konsulent verskerp. Die druk het al hoe meer geword dat ons sinodale heffings moet betaal en dat ons ons besluit om 54/69 te verwerp, moes herroep. Daarmee saam het ons gemeente ook besluit dat ons die Staat van Belydenis onderteken (met twee genotuleerde teenstemme). Teen hierdie agtergrond het 'n groep lidmate 'n lidmatevergadering aangevra.

Na deeglike bespreking het die lidmate vergadering besluit om hulself as onafhanklike gemeente te handhaaf. Dit kom daarop neer dat die gemeente steeds as Hervormde gemeente aangaan, maar nie meer onder die leiding van die Kommissie of die Ringskommissie nie.

**NHSV**

Die Susters is nie die vervolging gespaar nie. Yvette Otto is tydens die nasionale NHSV kongres in 2011 verkies tot vise-voorsitter, dit terwyl dit algemeen bekend was dat haar man voorsitter van die beswaardes was. Aanvanklik was daar nie baie druk op haar nie en het sy ten volle deelgeneem aan en bygedra tot die aktiwiteite van Hoofbestuur. Met die gemeente se besluit om hulself onafhanklik van die leiding van die Kommissie te verklaar, het die prentjie verander. Sekere welbekende gemeentes het selfs gedreig om nie hulle verpligte oorbetalings te doen nie, indien sy aanbly as nasionale vise-voorsitter. Tydens die Hoofbestuur se vergadering is die saak deeglik bespreek en die konsensus besluit deur die Hoofbestuur was dat sy aanbly en dat onafhanklike gemeentes se Susters steeds deelneem aan al die dienswerk van die NHSV. Die KommAKV en die Algemene Diakonale raad het die Hoofbestuur se besluit nietig verklaar en aan hulle gestel dat dit nie so kan realiseer nie. Die gevolge:

- Yvette het bedank as nasionale vise-voorsitter.
- Geen Selfstandige gemeente se dames is welkom by enige dienswerk van die NHSV nie.
- Dienswerk gedoen ten bate van sekere tehuise vir bejaardes moes ophou.
- Die finansiële bydraes van hierdie gemeentes ten gunste van die NHSV het opgedroog.

Die dames het hulself herorganiseer, doen egter steeds dienswerk en doen steeds uitbetalings, maar dit is nou ten gunste van plaaslike diakonale behoeftes.

## Die Geloofsbond van Hervormde gemeentes

Die nuutste hoofstuk is die stigting van die Geloofsbond van Hervormde gemeentes. Tydens die Januarie 2013 vergadering van die steedsHervormers het die afgevaardigdes van Selfstandige gemeentes besluit om 'n verbond in die lewe te roep. Daar was op daardie stadium geen verdere besluit geneem oor die aard en inhoud van die Bond nie. Gemeentes moes gaan dink en dan beskrywingspunte opstel sodat daar by die eerste Bondsvergadering inhoud aan die Bond gegee kon word. Die vergadering is belê vir 28-30 Julie 2013 te Tuine gemeente. Tydens hierdie vergadering is die volgende besluite geneem:

Dr. MA Botma open die vergadering deur skriflesing en prediking, tema: "Wie sê jy is Ek? U is die Christus, die Seun van God".. Die vergadering word wettig gekonstitueer en geopen verklaar. 13 Selfstandige gemeentes se predikante, ouderlinge en diakens, asook waarnemers vanuit 6 gemeentes van die NHKA, is teenwoordig

Dr JMG Storm word tot skriba verkies.

Ds FNS Marais word as sekretaris vir die vergadering aangewys.

**BYBELGENOOTSKAP**

Die vergadering gee opdrag dat die Geloofsbond deur middel van 'n amptelike skrywe die Bybelgenootskap versoek om:

- ondersoek in te stel na die moontlikheid van 'n vertaling van die Septuaginta na Afrikaans.
- die grondteks UVS / Texcus Receptus vir vertalingsdoeleindes te heroorweeg.
- aandag te skenk aan 'n teks wat bruikbaar is vir *powerpoint* doeleindes.

**NAAM VAN DIE BOND**

Die Bond sal voortaan bekend staan as **Geloofsbond van Hervormde Gemeentes.**

Elke gemeente is vry om die gemeente se eie naam te bepaal.

**KERKORDE**

`n Komitee word aangewys om `n Kerkorde vir die onafhanklike gemeentes op te stel. Tot tyd en wyl dit afgehandel is, laat ons ons lei deur die **ordereëls** van die huidige kerkorde van die NHKA as beginsels. Ons aanvaar die beginsels van die presbiteraal – sinodale kerkregstelsel. Die Bybel, belydenisskrifte en kerkordelike reëlings bind ons as Bond aan mekaar.

**BELYDENIS**

Soos die kerk al die eeue die Bybel en die belydenisskrifte gehandhaaf het, word dit deur ons - met dieselfde betekenis - aanvaar. Die Bondsvergadering handhaaf die Staat van Belydenis soos geformuleer op 2 Junie 2012. Die Staat van Belydenis sal dien as 'n gespreksdokument vir skakeling met die Kommissie van die AKV asook met enige gemeente van die NHKA. Die vergadering verklaar weer eens dat die Staat van Belydenis nie lidmate van die NHKA tot ketters verklaar nie, maar dat dit dien as 'n oproep tot gesprek oor die ware leer en lewe van die kerk.

**TEOLOGIESE OPLEIDING**

Die kuratorium sal verantwoordelikheid hiervoor neem. Die kuratorium ontvang mandaat om voort te gaan met ondersoeke en moontlikhede tot teologiese opleiding. 'n Werkbare model sal so spoedig moontlik aan die Bond se onderskeie gemeentes voorgelê word vir goedkeuring. Die Kuratorium sal riglyne verskaf wat betref: Toelating van nuwe predikante, oud-predikante wat in die amp herstel word, predikante vanuit die NHKA of ander kerke.

**PREDIKANTE IN GEMEENTES**

Gemeentes wod geadviseer om dienskontrakte met die predikante aan te gaan. Die dienskontrak wat in die agenda opgeneem is, sal verwerk word en dan aan gemeentes gestuur word vir oorweging.

**LIDMAATSKAP EN DOOPLIDMATE**

Doop deur ‘n geordende ampsdraer van ‘n kerkorganisasie, solank met water in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees word deur die Bond aanvaar. Die saak oor lidmaatskap lê in die hande van die bepaalde kerkorganisasie se ouderlinge om uitsluitsel te gee. Indien attestaat of bewys van lidmaatskap nie beskikbaar gestel word nie, besluit die ouderlingsvergadering oor lidmaatskap.

**BARMHARTIGHEIDSWERK**

Gemeentes doen barmhartigheid aan die hand van die Bybelse opdrag. Die dienswerk word gekoördineer deur die amp van diaken wat sy oorsprong vind in die Bybel. Die lidmate moet ook die verantwoordelikheid aanvaar vir die barmhartigheidsdiens in die gemeente en gemeenskap.

**VROUE AKSIES**

Die gemeentes skep die ruimte vir vrouebediening om onafhanklik ‘n eie struktuur daar te stel. Die vergadering nooi die Vroueaksie uit om verslag te doen tydens die jaarlikse Bondsvergadering.

**GEMEENTE STIGTING**

By talle gemeentes gebeur dit dat lidmate weens verwikkelinge in die NHKA, kerklos raak. Groeipunte moet geïdentifiseer word sodat daar aktief en gestruktureerd te werk gegaan kan word om lidmate te bedien. Die bestuurskomitee sal hul daarop toespits om gemeentes te stig en kerklos lidmate te bedien. Emeriti moet in die proses betrek word om waar moontlik, met die bediening behulpsaam te wees. Die Bestuurskomitee moet poog om te begroot om voorsiening te maak vir die aanvanklike kostes wat gepaard gaan met gemeentestigting.

**LITURGIE**

Liturgiese ordes wat eie is, en bekend is aan die Hervormde manier van erediens hou, word deur die gemeentes gehandhaaf. Die vorige Psalms-en Gesangeboeke mag ook gebruik word.
‘n Liturgiese komitee word benoem om alle formuliere te verwerk en voor te stel by die 2e Geloofsbond vergadering as bruikbare formuliere. ‘n Nuwe lidmaatboek word ontwerp wat tydens Doop aan dooplidmate oorhandig kan word. ‘n Voorgestelde “liturgiese orde boek” word opgestel vir instemming by die 2e vergadering van die Geloofsbond.

**DIE OPRIGTING VAN `N REGSPERSOON**

Die vergadering besluit om `n regspersoon te vestig in naam van die Geloofsbond van Hervormde gemeentes. Die Bondsvergadering benoem ‘n finansiële komitee om besluite aangaande finansies uit te voer en te bestuur. Die komitee ontvang en bestuur alle erflatings, skenkings edm. Die komitee kry opdrag om ‘n bankrekening te vestig in die naam van Geloofsbond van Hervormde Gemeentes. Alle wettige vereistes moet nagekom word. Die finansiële komitee kry verder opdrag om met die bestuur van steedsHervormers gesprek te voer oor die regverdige verdeling van die finansies.

**MEDIA**

Koersvas, e-posse en die bakkiesblad sal bekendstaan as voorkeur kommunikasie middels van die Geloofsbond. Die redakteurs van ons onderskeie publikasies en elektroniese media asook `n mediakomitee word aangewys om alle sake te beplan en te koördineer vir die mees doeltreffende manier van kennisgewing, beriggewing en inligting aan ons lidmate.

**REGSAKE**

Advokate Roelof en Renette du Plessis en prokureur Pieter van der Merwe word bedank vir hulle volgehoue hulp en ondersteuning. Die Geloofsbond verbind hulself opnuut tot mediasie. Die Geloofsbond aanvaar dat dit finansiële implikasies sal hê. Die Geloofsbond is bereid tot die deel van die koste verbonde aan mediasie.

**FINANSIES EN BESTUUR**

Die Bond is ten gunste van ‘n administratiewe pos. Die finansiële komitee kry opdrag om ‘n kostestruktuur vir ‘n administratiewe pos daar te stel. Hierdie kostestruktuur sal dan aan gemeentes voorgelê word vir insae en goedkeuring. Die vergadering neem die beginselbesluit dat ‘n persentasie van gemeentes se bruto inkomstes aangewend sal word om nodige uitgawes te dek.

**VOLGENDE VERGADERING**

Die volgende vergadering vind DV plaas te Theresapark gemeente met die plaaslike predikant as voorsitter. Die datum sal deur die bestuurskomitee vasgestel word.

**DIE TOEKOMS**

Die selfstandigheid van die gemeentes gaan gehandhaaf word. Samewerking sal altyd geskied op so ‘n manier dat dit die Here eer en tot almal se voordeel is. Die Geloofsbond van Hervormde gemeentes (GBHG) groei.